Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, June 12, 2022

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



Amber Heard en Johnny Depp. | FOTO'S: REUTERS

# Amber en Johnny: As jy skei, los die baklei

## Gaan vir die geld, want wraak bring net verleentheid

Die heen-en-weer lastersake tussen Amber Heard en Johnny Depp wat almal so vasgenael gehad het, het my laat wonder of daar vir ons 'n finansiële les in te leer is.

Soos julle seker kan raai: Voor die media-aandag het ek nog nooit van Amber gehoor nie. Ou Johnny ken ek ook maar net as kaptein Jack Sparrow van die swart seerowerskip die Black Pearl. Die Black Pearl het as 'n spookskip uit die seebodem verrys nadat sy vorige skip in vlamme gesink is.

Die naam van dáárdie skip? Wicked Wench.

Ek oordeel niemand. Los dit daar.

Die fout wat ek sien met baie egskeidings is dat mense eenvoudig nie net uitmekaar kan gaan in vrede nie. Hulle probeer mekaar altyd seermaak. Selfs nadat alles afgehandel is.

Amber en Johnny is in 2016 geskei. Sy het $7 miljoen vir onderhoud van hom gekry (wat sy ewe windmakerig aan liefdadigheid sou skenk, maar tydens die lastersaak teen haar het sy erken sy het dit nooit gedoen nie). En toe 'n meningstuk gaan publiseer waarin sy vir Johnny belaster het.

Laat ek op hierdie punt maar vir kaptein Jack Sparrow self in *Pirates of the Caribbean* aanhaal: "*You may kill me but you might never insult me.*"

Die uiteinde was, soos ons nou weet, 'n lastereis teen haar en toe 'n teeneis teen hom. Sy moet $15 miljoen aan hom betaal en hy aan haar $2 miljoen. Met die egskeidingsgeld en al is sy nou $6 miljoen slegter daaraan toe.

Nie so geldslim nie.

**Raad aan dié in egskeidingsgeding**

Parkeer emosie eenkant. Praat geld as jy wil geld praat. Moenie die ander party probeer seermaak en beledig nie. Mense wat seergemaak of gekrenk voel gaan terugbaklei.

Geld begin 'n mindere rol speel. Wraak raak die einddoel. Of in die woorde van einste Jack Sparrow: "*Not all treasure is silver and gold, mate.*"

Dit eers daar gelaat. Ek wil nog twee punte aanraak wat ek meen finansieel van waarde kan wees.

**1.** Sou jy skei, trek 'n finansiële beplanner nader.

Jy het finansiële raad nodig. Jy is (gewoonlik) emosioneel gedreineer en jou vermoë om besluite te neem gaan daardeur geraak word. Langtermynbesluite, veral, raak byna onmoontlik. Die nou is al wat jy raaksien.

Ek sien dit. Deur die jare het 'n paar prokureurs wat egskeidings hanteer my al genader om tog asseblief hul kliënte by te staan. Sy kry 'n groot bedrag geld in 'n egskeidingsooreenkoms en hy is bekommerd.

Met reg ook, want in die meeste gevalle is die geld binne 'n paar maande op.

Kinders kry die duurste speelgoed, so of sy wil vergoed vir die verbrokkeling van die huwelik. Of sy leef duurder as wat sy kan bekostig. Om watter rede ook. Die uiteinde is dieselfde.

Geldnood.

As jy skei, kyk eers na jouself en jou eie finansiële toekoms. Daardie geld is vir onderhoud. Dis nie 'n geskenk van die regter vir jou om te gaan blaas nie. Belê dit. Al het jy werk wat inkomste gee, spaar dit wat jy kry. Jy gaan dit later nodig kry.

**2.** Die bronne waaruit 'n egskeidingseis vergoed kan word.

Ek het twee weke gelede in hierdie rubriek geskryf oor art. 37C van die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956), wat basies aan die trustees van 'n pensioenfonds die reg gee om die voordele van 'n pensioenfonds by die dood van 'n lid aan iemand anders toe te ken as wat die oorledene dalk sou wou bevoordeel.

Die wet het egter ook 'n art. 37D, wat 'n aftreefonds toelaat om geld uit die reserwes van die fonds te verhaal ter vereffening van 'n egskeidingsbevel gegee ingevolge art. 7(8) van die Egskeidingswet (Wet 70 van 1979).

En wat as die man (byvoorbeeld) reeds sy uittree-annuïteit gebruik het om 'n lewende annuïteit te koop? Daardie geld val nie in die man se boedel nie, soos ons sien in die saak *M vs M* (2016; dit het hier gegaan om die huweliksaanwas).

Die inkomstestroom uit die lewende annuïteit is egter wel beskikbaar vir inagneming by die berekening van 'n onderhoudseis.

En bates in 'n trust? Mense dink mos as iets in 'n trust is, kan dit nie in ag geneem word by egskeiding nie.

Dis nie noodwendig waar nie.

Ek wil sê alle, maar kom ons wees soet en sê liewer die meeste familietrusts is trusts in skyn. Nie trusts in die ware sin van die woord nie. Mense skep familietrusts om allerhande speletjies te probeer speel, maar hanteer dan die trustbates of dit hul eie is.

En dis op hierdie punt wat jy toegang gaan verkry tot die trustbates. Etlike hofsake oor die afgelope paar jaar het dit al aan ons uitgewys. Die howe laat hulle nie meer om die bos lei nie.

Kortom, jy sal mos weet as jou eksman die trust tot sy eie voordeel gebruik het, of nie. Dis jou opening.

As jy op skei staan, dien jou onderhoudseis in. Doen dit billik. En as julle die somme gemaak het, gaan vir die geld. Los die baklei. Dit bring net verleentheid.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.